BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 — Dinsdag 1 November 1988 — WINDHOEK — Tuesday 1 November 1988 — No. 5628

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. 180 Prysbeheer: Wysiging van maksimumpryse van 'n sekere klas koringbrood 1

No. 181 Wysiging van regulasies afgekondig by Proklamasie 205 van 1968 2

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES:

No. 180 Price Control: Amendment of maximum prices of a certain class of wheaten bread 1

No. 181 Amendment of regulations promulgated by Proclamation 205 of 1968 2

Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 180 1988

PRYSBEHEER: WYSIGING VAN MAKSIMUMPRYSE VAN 'N SEKERE KLAS KORINGBROOD

Kragtens artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), wysig ek hierby Goewermentskennisgewing 237 van 1974 deur in die Tabel by paragraaf 1 die syfers "69" en "72" deur, onderskeidelik, die syfers "83" en "86" te vervang.

G.J.F. GOUS

Pryskontroleur

Windhoek, 20 Oktober 1988

Goverment Notices

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 180 1988

PRICE CONTROL: AMENDMENT OF MAXIMUM PRICES OF A CERTAIN CLASS OF WHEATEN BREAD

Under section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby amend Government Notice 237 of 1974 by the substitution in the Table to paragraph 1 for the figures "69" and "72" of the figures "83" and "86", respectively.

G.J.F. GOUS

Price Controller

Windhoek, 20 October 1988

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 181 1988

WYSIGING VAN REGULASIES AFGEKONDIG BY PROKLAMASIE 205 VAN 1968

Die Kabinet het kragtens artikel 22(5)(a) van die Algemene Regswysigingswet, 1967 (Wet 102 van 1967), die regulasies in die Bylae vervat, uitgevaardig.

BYLAE

1. Hoofstuk III van die regulasies afgekondig by Proklamasie 205 van 1968 word hierby deur die volgende hoofstuk vervang:

"HOOFSTUK III

Brou van sorghumbier

1. (1) Niemand mag sorghumbier vir die doeleindes van verkoop brou nie tensy hy skriftelik deur die Raad daartoe gemagtig is.

(2) Die magtiging in subregulasie (1) bedoel, is onderworpe aan die voorwaardes en beperkinge wat die Raad mag oplê en is geldig vir een jaar: Met dien verstande dat die magtiging wat die eerste keer aan iemand verleen word slegs geldig is tot 31 Desember van die jaar waarin dit verleen word.

(3) Genoemde magtiging kan jaarliks deur die Raad gedurende Januarie hernu word, onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat deur die Raad opgelê word, en na skriftelike aansoek by die Raad deur die betrokke persoon.

(4) 'n Bedrag van R500 per jaar of gedeelte van 'n jaar is betaalbaar aan die Ontvanger van Inkomste deur die ontvanger van die magtiging in hierdie regulasie beoog, na goedkeuring van die verlening aan hom van die betrokke magtiging en voor die werklike uitreiking daarvan aan hom.

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 181 1988

AMENDMENT OF REGULATIONS PROMULGATED BY PROCLAMATION 205 OF 1968

The Cabinet has under section 22(5)(a) of the General Law Amendment Act, 1967 (Act 102 of 1967), made the regulations contained in the Schedule.

SCHEDULE

1. The following chapter is hereby substituted for Chapter III of the Regulations promulgated by Proclamation 205 of 1968:

"CHAPTER III

Brewing of sorghum beer

1. (1) No person shall brew sorghum beer for purposes of sale unless he has been authorised thereto in writing by the Board.

(2) The authorisation referred to in subregulation (1), shall be subject to the conditions and restrictions that the Board may impose, and shall be valid for one year: Provided that the authorisation granted to any person the first time shall be valid only till 31 December of the year in which it is granted.

(3) The said authorisation may be annually renewed by the Board during January, subject to the conditions and restrictions imposed by the Board, and upon written application to it by the person concerned.

(4) An amount of R500 per annum or for part of a year shall be payable to the Receiver of Revenue by the recipient of the authorisation contemplated in this regulation, after approval of the grant to him of an authorisation and before the actual issue thereof to him.

Verkoop van sorghumbier

2. Die houer van 'n magtiging uitgereik ingevolge regulasie 1 verkoop sorghumbier slegs aan die houer van -

(a) 'n lisensie om drank te verkoop uitgereik ingevolge die Drankordonnansie, 1969 (Ordonnansie 2 van 1969); of

(b) 'n skriftelike magtiging verleen ingevolge artikel 22(3) van die Algemene Regswysigingswet, 1967 (Wet 102 van 1967).

Alkoholgehalte van sorghumbier

3. Niemand mag sorghumbier vir die doeleindes van verkoop brou nie wat 'n alkoholgehalte van meer as 5% per volume het.".

2. Regulasie 1 van Hoofstuk V van die Regulasies afgekondig by Proklamasie 205 van 1968 word hierby gewysig -

(a) deur paragraaf (d) van subregulasie (1) te skrap; en

(b) deur paragraaf (e) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(e) 'n persoon is wat ingevolge die Drankordonnansie 1969 of enige ander wet gemagtig is om drank te verkoop, sorghumbier wat nie van 'n persoon wat ingevolge Hoofstuk 3 van hierdie regulasies gemagtig is om dit te brou, verkry is nie, verkoop of verskaf;".

Sale of sorghum beer

2. The holder of an authorisation issued in terms of regulation 1 shall sell sorghum beer only to the holder of -

(a) a licence to sell liquor issued in terms of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 1 of 1969); or

(b) a written authority granted in terms of section 22(3) of the General Law Amendment Act, 1967 (Act 102 of 1967).

Alcohol content of sorghum beer

3. No person shall brew sorghum beer for purposes of sale with an alcohol content of more than 5% of volume.".

2. Regulation 1 of Chapter V of the Regulations promulgated by Proclamation 205 of 1968 is hereby amended -

(a) by the deletion of paragraph (d) of subregulation (1); and

(b) by the substitution for paragraph (e) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(e) when he is authorised in terms of the Liquor Ordinance, 1969, or any other law, to sell liquor, sells or supplies sorghum beer not acquired from a person authorised in terms of Chapter III of these regulations to brew sorghum beer;".

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa